# DISKUSSIE

## Prof. dr. G. P. L. van der Linde: Beoefening van die Kerkreg sedert 1859

*Prof. B. Spoelstra skrywe:*

Ek het die artikel van prof. G. P. L. v. d. Linde in die vorige uitgawe met genot gelees. Dit toon 'n vrugbare en nuwe koers vir kontemporêre navorsing aan, naamlik om sinodale handelinge, publikasies ens. ekklessiologies te bestudeer en te evalueer. Ons moet nie die weg opgaan om *kerkreg* (die Skrifgegewe norme en prinsipia vir die kerk) van *kerkgeskiedenis* te skei nie. Sodra dit gebeur word kerkgeskiedenis 'n kroniek van die kerk as 'n gesekulariseerde menslike samelewingsverband.

Uit die artikel wil ek egter twee punte in diskussie plaas.

DIE POSTMA- EN GENOOTSKAPLIKE KERKBEGRIP.

Ek kan my met die vertolking wat GPLvdL aan die aangehaalde dokumente gee, vereenselwig. Tog het ek gewonder of ek 'n aspek daaraan kan toevoeg.

Ek meen dat dit eie is aan die genootskaplike kerkbegrip (vgl. o.a. by D. C. G. Fourie, soos elders in die uitgawe bespreek deur L. Roeleveld) om 'n sigbare eenheidskerk (wat met kerkverband of sinode vereenselwig word) te veronderstel wat in die sogenaamde „plaaslike" kerk (asof daar ook 'n nie-plaaslike kerk is) uitdrukking vind. Hierdie idee het seker sy wortels in die Middeleeuse Roomse vereenselwiging van universele en geïnstitueerde kerk, Luther se landskerke, Nederland se staatskerke en beheers o.a. ons eie kerkbegrip in die GES, by die „inter-kerklike gesprek" ens.

Volgens hierdie kollegialistiese uitgangspunt sou gesê kon word dat ds. Postma aan die CGK van Nederland behoort het. Op hierdie model moes 'n mens dan verwag (soos G. v. d. Waal elders in hierdie uitgawe in 'n artikel ook doen) dat die CGK van Nederland „moederkerk" van die eerste Geref. Kerk te Rustenburg was. Anders gestel: daar moes in Februarie 1859 'n CGK of 'n Ned. Herv. Kerk minus Gesange te Rustenburg gestig gewees het. J. J. Venter en sy groep verwyt Postma later dat hy 'n onafhanklike kerk gestig het en nie 'n CGK nie.

*Waarom is daar nie te Rustenburg 1859 gedink aan een of ander bestaande „kerk" agter die Gereformeerde kerk nie?*

Dit is waar dat Postma (en seker onder sy leiding ook die meeste lidmate) in die kerk van Rustenburg tegelyk ook 'n soort landskerk van die ZAR gesien het. Dit was egter volledig eie kerk, met 'n eie Postma-Kerkorde en „een vrije Geref. Kerk", d.w.s. nie 'n staatskerk soos die NHK in Tvl. of die NGK in die Kaap of OVS nie. En tog, nie een van die ou Voortrekkers het getwyfel op die vraag of hulle deur hulle eie kerk-wees nog 'n „ware kerk" sou wees nie. Dit is die interessante punt: Waarom was hierdie een en enige kerk te Rustenburg sondermeer en onbevraagd vir hulle

kerk van die Here, al word daar geen verband met die CGK in Nederland of 'n „kerk" in Afrika gekonstateer nie?

Ek meen dat slegs 'n intuïtiewe kerkregtelike belewing van die universele kerk, die heilig algemene kerk van die Belydenis in die 12 artikels, dit kan verklaar. Die kerkstigters het hulle kerkstigting en kerk-wees los van sinodale of kerkidentiteite ervaar. Hulle het hulle sekerheid geput uit die wil dat die te stigte kerk te Rustenburg in alles met die Woord van God sou ooreenkom. Hierdie feit as 'n geloofsfeit was vir hulle die kenmerk en waarmerk dat die te stigte en gestigte kerk te Rustenburg 'n ware kerk van die Here sou wees en aan die kenmerke van die Belydenis (art. 29 NGB) beantwoord. Hoewel die Uitvoerende Raad reeds voor Postma se koms 'n Herv. Kerk minus Gesange (d.w.s. binne die staatskerk) aan hulle toegestaan het, maak hulle hulleself tot 'n „vrye" kerk.

Postma het waarskynlik die idee van 'n nuwe „algemeen kerk" in die gemeente Rustenburg onderskryf omdat mense van buite Rustenburgdistrik hulle daarby aangesluit het. Hy was gevorm in 'n Nederland wat na 1816 deur die kollegialistiese Algemeen Reglement in terme van 'n eenheidskerk wat die staat erken, gedink het. Tog voer hy die stigting gemeentelik en nie kollegialisties deur nie. Die gemeente is die landskerk van die ZAR. Hy stig egter doelbewus nie 'n CGK waarvan hy predikant was op Rustenburg nie.

## KERKREG, KERKORDE EN WESE VAN DIE KERK

In sy toekomsblik verwys GPLvdL na die „Handleiding by die KO van die GKSA" alwaar H. L. M. du Plessis in ooreenstemming met gereformeerde canonici soos H. Bouwman en andere sê: „'n Kerkorde is nie vir die *wese* van die kerk nie, maar wel vir die *welwese* noodsaaklik. ‚Welwese' dui die gesonde, goeie en ordelike bestaan van die kerk aan. Die Kerkorde dien dus om die suiwerheid van die Woord en Belydenis te handhaaf" (Handleiding p. 43). Hy lei daaruit af dat die Handleiding beweer dat die kerk „dus sonder reg, soos vergestalt in die kerkorde, (bestaan) nog kerk (kan) wees" (In die S. jrg. 12, nr. 48, p. 65 v). Hy skakel M. R. v. d. Berg hierby aan. Verderaan vra hy of „die beoefening van kerkreg net van belang vir 'n *beter-kerkwees* van die kerk, maar nie vir die *kerkwees* self" sou wees nie. Hy sê „sonder kerkreg (en dus sonder kerkorde) kan daar geen kerk wees nie."

Ek lei uit hierdie stellinge af dat GPLvdL kerkreg met 'n bepaalde Kerkorde (bv. die Dordtse) vereenselwig (of dat hy so verstaan kan word). Die Handleiding en Van der Berg het immers oor 'n bepaalde Kerkorde as basis vir 'n bepaalde kerkinrigting gehandel.

Wanneer ons Kerkreg met Kerkorde vereenselwig, moet Kerkorde tot die wese van die kerk behoort. Ek onderskei egter *kerkreg* van *Kerkorde*. Kerkreg is die Skrifbeginsels vir ware kerk-wees en kerkregering. Kerkorde is 'n ooreenkoms wat plurale kerke met mekaar kragtens hulle kerkverband en eenheid in Christus aangaan en waardeur hulle in gemeenskap met mekaar as kerke hulle roeping wil naleef. Kerkorde kan Skrifbeginsels bevat, maar Kerkorde

kan ook slegs bepalinge bevat wat noodsaaklik geag mag word, maar tog nie Skrifbeginsels is nie. Hulle moet *min* wees, sê Calvyn. Kerkorde sê dus in baie opsigte eerder HOE Skrifbeginsels in praktyk gebring word as WAT in praktyk gebring word. Ek gee een enkele voorbeeld: die beginsel van kerkverband tussen plurale kerke, van eenheid in Christus en van saam-op-weg-wees (letterlik *sinode)* word in klassisse en provinsiale en nasionale samekomste van kerke in 'n Kerkorde aangegee sonder dat die beginsel eksplesiet genoem word of die vorm van nalewing in die Skrif voorgeskryf is. Kerkreg en Kerkorde is dus nie sinoniem nie.

Kuyper plaas die kerkreg ensiklopedies onder ekklesiologie en kerkregering onder die diakonologie. Tog het dit m.i. min of meer praktyk geword dat kerkreg met kerkregering vereenselwig word. Dit gebeur dikwels dat die Dordtse KO, kerkordebepalings of erger nog, sinodebesluite, as bron van en norm van die reg geneem word.

Ek stem met GPLvdL volkome saam dat 'n regs-gepositiveerde kerkreg nie Skriftuurlik is nie. Tog meen ek dat die neiging hom die afgelope paar dekades begin openbaar het om ons kerkreg eintlik as afleidinge en vertolkings uit Kerkorde-artikels en sinodebesluite te beskou. Daarvoor is almeer „professore" nodig. Na my mening beroep goeie kerkregering, soos Calvyn dit in sy Institusie Boek IV doen, hom op die Skrif en vra gehoorsaamheid aan die Woord en Gees. Waar dit gebeur, leef daar 'n kerk as orde voordat daar nog 'n Kerkorde uitgewerk of opgestel is (vgl. my artikel, In d. S., Maart 1978, *Calvyn en die grense van die Kerk).* GPLvdL bepleit m.i. dieselfde wanneer hy nadruk lê op die reg van God en „reëls en wette van Christus" vir die kerk. Vir Calvyn is die kerk orde waar dit aan art. 29 NGB beantwoord en tug is nodig om die kerk na die orde van die Skrif terug te bring. So was die kerk in Genéve in 1536 kerk en het sy Reëls vir die Predikers (1536) en Kerkorde (1543) net probeer om die kerk van Genéve beter te laat kerk wees.

Op grond van hierdie betoog wil ek beweer dat die wese van die kerk buite en onafhanklik van menslike organisasie bepaal word. Die „wese" van die kerk rus primêr in die verkiesing en roeping van God, geloof en gehoorsaamheid aan die Woord en Gees. Daardeur kom gelowiges saam en leef saam as kerk (art. 27, 28 NGB, HK S 21 ens.). „Tempel", „liggaam", „volk" is almal begrippe wat orde veronderstel. Die universele kerk en orde is onlosmaaklik. Daardie orde bepaal die *wese* van die kerk. Ek kan egter nie saamstem indien daardie orde met 'n bepaalde Kerkorde (bv. die Dordtse Kerkorde) vereenselwig word nie. Die orde wat die wese van die kerk bepaal (nl. gehoorsaamheid aan God, sy koninkryk as heerskappy) is normatief vir 'n Kerkorde maar nie daarmee identies nie. Die „Handleiding" en die ouer canonici is derhalwe volkome reg wanneer hulle t.o.v. 'n bepaalde Kerkorde beweer dat dit nie die wese van die kerk nie, maar tot die welwese daarvan dien.

'n Mens sou nog histories kon aandui dat daar eers komplete kerke moet wees voordat hulle met mekaar 'n Kerkorde kan opstel. Gevolglik kan die Kerkorde nie die wese van die kerke bepaal nie.

In ons tyd word dit aktueel om te beklemtoon dat God nie 'n

mensuitgewerkte organisasiepatroon nodig het om sy kerk kerk te laat wees nie. Die problematiek rondom die sogenaamde „eenheid van die kerk" en die ligte wyse waarop na „verdeeldheid" (en daarmee na organisatoriese verdeeldheid) as „sonde" (en dus 'n eienskap van die valse kerk) verwys word, het m.i. alles te make met die idee dat 'n eenheidstruktuur die wese van die kerk bepaal. In die ekumenisme en by die Wêreldraad van Kerke word die wese van die kerk juis in sy organisasie gesoek.

Die gesekulariseerde kerkbegrip soek op die voetspoor van Rousseau die wese van die kerk in die kontrak (konstitusie of vereniging) wat mense met mekaar oprig. Die kerk is bloot 'n menslike vereniging, 'n samelewingsverband. Die positiewe van die Doleansie is daarin geleë dat dit teenoor die kollegialisme aangetoon het dat die wese van die kerk in die geloofsgemeenskap t.o.v. Skrif en Belydenis geleë is en dat die Kerkorde die organisatoriese patroon bepaal waarop die geestelike gemeenskap bewaar kan bly.